GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 9 GEDIGTE:

BESOEKER

Uit die TV-skerm het hy uitgespring,
'n Marsman,
of in elk geval bewoner van 'n ander planeet
nou op huisbesoek by ons.

Sy aksent is – wel, Marsiaans,
maar tog met verstellings in ons ore
heel verstaanbaar.

Ons het uit wans uit besluit:
as hy wil bly; moet hy
by ons roetines en kodes inval
waarmee hy (skynbaar) akkoord gaan.

Hy is sku
vir familietwiste;
hy ry graag fiets
en treiter honde en kanaries;

sy geografiese kennis is indrukwekkend,
veral van berge, rivierkronkels, woestyne;
maar eiers moet jy van hom weghou,
spinnekoppe en seilende goed,
Terwyl babas hom verleë maak.

Soms in die middel van die nag
hoor ons hom skater
(of is dit sý soort huil?)
Dalk het hy 'n ekstra kombers nodig,
tenminste 'n bedmaat.

Ernst van Heerden

SUURLEMOEN BLOU

My gunstelingkleur
is suurlemoenblou,
daardie warm sonskynkleur
waarvan ek so baie hou.
Dis die kleur van ‘n perske
en ‘n kanarieveer.
Dis die kleur van die botter
wat ek op my broodjie smeer.
Dit is propvol pre ten poetse,
nes ‘n piesangskil.
Dit dans rond op jou tong
soos ‘n happie pynappel.
Dis helder soos ‘n reënjas,
al lyk alles grys en dof.
Nes ‘n springmielie in olie
kan dit onverwags ontplof!
Suurlemoenblou,
o, dié kleur maak my so bly!
(In ‘n reënboog sal jy dit net ná oranje kry.)
Dis lawaaierig en opgewek
net soos ‘n skoolbus,
en nes ‘n reuse-stootskraper
kyk jy dit moeilik mis.
Geel klink so vervelig,
verbeeldingloos en flou.
My gunstelingkleur
is suurlemoenblou!

Jaco Jacobs

DIE KLEUR VAN VREES

Ek is soms bang, weet jy,
vir spinnekoppe... donkerte... seerkry,
vir donderweer en boewe en baklei,
vir eensaam wees, aan siektes ly.
Ja, ek is soms baie bang. En jy?

En het jou bang ook kleur?
Kom, dink maar weer 'n keer
en jy sal agterkom jou vrees
kan allerhande kleure wees.

Die hol kol op my maag is groen
as ek 'n opstel oor moet doen,
en deelneem aan ons atletiek
laat voel my regtig spierwit siek.

Dat mense dalk met my sal spot –
dié vrees sit soos 'n harde klont
wat swell bo in my keel:
die kleur daarvan is skreeuend géél.

Die vrees vir straf is skerp en hard,
die kleur daarvan is tweerbladswart.
En as my ma en pa baklei,
dan voel ek pers van bang vir skei.

Dat maats my net sal ignorer...
die vrees daarvoor is grys en seer
en gryp my skouers soos 'n jas
wat elke keer al nouer pas.

Vir ongelukke en vir pyn,
vir al die siektes wat 'n mens laat kwyn,
vir moor den roof en vir terreur –
die vrees dáárvoor klop rooi en seer.

Anoniem